HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

Universiteit van Stellenbosch

In I916 is 'n Wetsvoorstel ingedien en aangeneem, waardeur die Universiteit van Die Kaap die Goeie Hoop vervang sou word deur 'n federale Universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika, wat al die kleiner Kolleges omvat, terwyl aan Kaapstad en Stellenbosch 'n afsonderlike oktrooi as selfstandige Universiteite verleen is. (Sedertdien het ook die Johannesburgse Kollege die status van Universiteit verkry.)

Veral die Wernher-Beit-skenking het die Universiteit van Kaapstad in staat gestel om die swaar verpligtinge daarmee verbonde op hulle te neem. Stellenbosch, van sy kant, is daartoe in staat gestel deur die legaat van wyle Jan Marais van Coetzenburg wat in sy testament die som van £100,000 bemaak het ten bate van hoër onderwys op Stellenbosch. Kragtens bogenoemde Wet het op 2 April 1918 die Victoria Kollege opgehou om te bestaan en is vervang deur die Universiteit van Stellenbosch.

Uitreksel uit: "Stellenbosch 1679-1929"
Geografiese Beskrywing: Die Dorp
Prof P Sexton